**Woensdag 3 Mei**
**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-24**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:1-24**

## Beklee met God se genade

Deur die verdraaiing van God se Woord het die vader van die leuen Eva verlei en is die mens deur sy eie begeertes van hoogmoed meegevoer. Met hierdie verskriklike verleiding het daar groot droefheid in die skepping gekom. Die mens val in sonde, en deur sy toedoen word die hele skepping vervloek.

Vir die mooi huwelik wat God gegee het, het daar ook ’n donkerte gekom. Daar is skaamte (vs 7). Daar is vrees (vs 10). Daar kom spanning met verwyte in die huwelik (vs 12). Deurdat die mens se begeertes van hoogmoed hom meegevoer het, val die mens in sonde. Kom daar vervloeking: swangerskappe word erger, die wonder van lewe skenk aan ’n nageslag wat die HERE moet dien, gaan met pyn gepaard, daar is ’n hunkering na jou man en sy heerskappy oor jou. Die grond wat die man bewerk, is deur sy toedoen vervloek. Daar is swaarkry, dorings en dissels. Dwarsdeur dit alles heen hef die HERE die huwelik nie op nie; Hy ontbind dit nie. Man en vrou is nog steeds mekaar se gelyke: te midde van die vervloeking is hulle mekaar tot hulp, ook om goed en kwaad van mekaar te kan onderskei (vs 22). Hulle is dit omdat hulle beklee is met God se genade (vs 21). ’n Offer is gebring om die skaamte, vrees en verwyte te bedek. ’n Offer wat geroep het na die offer op Golgota.

Beklee met die geregtigheid van Christus. Dienend onder die seën van Christus en deur die krag van sy Gees leef man en vrou skouer-aan-skouer hulle roeping uit. Is hulle mekaar tot hulp om die pyn, die swaarkry, dorings en dissels te bowe te kom tot God se eer.

*Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9*

*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Potchefstroom)*